
## BRIGADIER – GENERAAL (AFT) FELIX HURTER

**"Your lost friends are not dead, but gone before, advanced a stage or two upon that road which you must travel in the steps they trod"**

**Arestophanes**

Nadat Jakes op die Artillerie Wel en Wee bekend gemaak het dat ''n terugslag Felix getref het, het ek onmiddellik ''n WhatsApp boodskap aan hom gestuur. Die volgende dag het ek net gekyk of Felix dit al **oopgemaak het en toe gesien dat dit nog nie gelees is nie.** Toe het ek geweet dat sy **toestand ernstig** is. Gisteroggend (24 Mei) het Jakes berig dat die hospital Millie in kennis gestel het dat dit nie goed gaan met hom nie, het ek vir Jakes laat weet dat ek nou die ergste nuus verwag! So het die nuus op dieselfde dag gekom.

Felix, **so gou is hy weg**! Dit klink nog onwerklik!



**MAJ. F.M. HURTER**

Gisteraand kon ek nie slaap nie. My gedagtes dwaal en maal rondom Felix. Uiteindelik raak ek aan die slaap maar om 03:00 is ek helder wakker. Weer Felix wat ek sien en hoor!

My gedagtes dwaal na **Operasie Savanah** on 1975. Ek sien in my geestesoog nog hoe Felix met ‘’n **erg beseerde Dave Wessels** van die Geniekorps in sy arms, van die rivier af, op ‘’n drafstap teen die steil paadjie aankom en Dave na veiligheid dra. **Brute krag** en adrenalien laat dit so maklik lyk!

Felix, my **batterybevelvoerder** van Meduim Battery, 4 Veldregiment, in die vroeë sewentigerjare hou sy seun, Marius, ‘’n klein tjokkertjie toe, net bokant die enkels vas. Hy stoot Marius teen ‘’n helling van 45 grade die lug in bokant die fontein en visdammetjie voor Mediumbattery lyne. Marius moet sy lyf regop hou. As hy “knipmes” is sy gesig in die water. Marius, later uitgeput, protesteer, beur op en wil later begin huil maar hy moet uithou. Was dit dalk hierdie taai oefeninge van Felix wat hom in 1995 ‘’n Springbokrugbyspeler gemaak het?

**Baksteen** is hy genoem! Ben Naude het hom Brickor genoem. So **hard** soos ‘’n baksteen. Omdat hy so **sterk was,** is baie dinge gemeet in krag. Hoe het hy nie die 25 ponder affuit geswaai nie? So vertel hy hoe hy eendag kom haal is as deel van ‘’n groep om teen die Wes Transvaalspan skrums te oefen. Sekerlik sal ons hom onthou as die **ware kragman** van die Veldartillerie.

Met die jare het hy hom bewys as ‘’n mens **wat intens belang gestel het in mense**. Hy was ‘’n **fyn waarnemer** (‘inquisitive”) wat mense baie gou kon opsom. Met sy besondere **wye algemene kennis** kon hy letterlik oor alles-en-nog-wat **kommunikeer**. Dit het hom so **effektiewe kommunikator** gemaak en kon mense aan sy lippe hang. Hy het **mense na hom toe aangetrek**. Met die gedenkdiens na afloop van Willes Blaauw se dood, het hy en oorlede Dirk Venter lang militêre stories begin . Kyk die bygaande foto waar hulle in gesprek is.




**Brig.-Genl. Hurter en wyle Dirk Venter**

Felix het ''n **ingesteldheid oor detail** gehad. Voor sy laaste oogoperasie het hy my vertel hoe die "laserboor" (straal) werk en hoe die instrument in duisendstes van millimeters opereer. Wat ''n interessante mens wanneer hy oor die detail begin praat het.

Hy het nooit sy **betrokkenheid** by Artilleriefunksies versaak nie. In my tyd as Sekretaris van die Walyne, het hy **gereeld** van Potchefstroom af gery om die **funksies** by te woon. Hierdie **meelewendheid** het verder gestrek. Hoeveel keer in die laaste jare het hy my nie gebel of ''n e-pos gestuur nie. Sy laaste oproep was na die dood van Giep Hill en my insette oor sy lewe. Altyd gereed om **iets moois** te sê. Hoe **goed** kon hy mense nie **laat voel** het nie!?

Ek het altyd die indruk gekry dat hy baie **gewild was onder sy tydgenote** – veral sy Akademiemakkers. George Hallowes, Louis Coetzee en andere het in gesprekke altyd Felix se humor geniet.

So lewer Louis du Plessis die volgende inste oor Felix:

**"Felix Hurter het diep spore oral in die weermag getrap, vanaf die SA Leërkollege tot by Kommandement Oos-Transvaal, en dwarsdeur die artilleriegemeenskap. Hy het onlangs - Maart - vyf uur lank land en sand vertel wat die weermag als vir hom beteken het. Felix, ons sal jou lewensondervinding en lewenslus mis makker 😢 . "**

En **een van die luitenante (later Lt. Kol) by Kmdmt. Oos Tvl.** lewer die volgende kommentaar:

*"Ai slegte nuus.....sal hom altyd onthou....Oom Baksteen.....soggens as ek hom uit sy kar sien klim het met n "swagger" dan het ek geweet hy in n goeie bui as hy egter armpies styf teen sye gehad het was hy op oorlogspad...*
*Ook Vrydae as ons ge-chili chips het en hy daar instorm en gesê het hierdie is nie n vis en chips winkel en Genl hom doodrustig genooi het om saam te eet en hy wat dan inval saam ons....*
*Om net n paar goete te noem*
*Ai so kom ons almal se streep stadig dog seker nader.*
*Regtig hartseer"*




**Brig-Genl. (Aft) Hurter en Genl. Maj. (Aft) Koos Laubscher**

Kyk mens na sy **militêre aanstellings**, getuig sy lewe van **bekwaamheid** waarop sy familie asook ons in die Artillerie trots kan wees. Deur al die jare was hy **''n ware en goeie ambassadeur** van die Veldartillerie. Hy was **tegnies en takties bekwaam** en het, afgesien hiervan, **''n vrag lewenskennis** saamgebring wat baie min van ons hom kan nadoen.

**Leierskap** was so deel van sy mondering. Dit is elke dag ten toon gestel. Hoeveel van sy **kwaliteite** kan ons nie nog noem nie:

- **Integriteit:** die een noodsaaklike boublok van ware leierskap;
- **Regverdigheid;**
- Sy **weet**- en **leergierigheid**(nuusskierigheid);
- **Getrouheid;**
- **Respek** vir mense
- **Georganiseerdheid**- en **netheid;** en
- **Positiewe lewensingesteldheid**.

As mens vandag ophou om oor die soldaat te praat, kom mens by sy **sukses as ''n eggenoot vir Millie en pa vir hul twee kinders met hul families**. Hoe **trots** was hy nie altyd op sy vrou en kinders nie. In Millie het hy die **ideale vrou** gehad wat die lewenspad met hom gestap het. Ons harte gaan uit na Millie en die kinders, wat moet **afskeid neem** van ''n vader, eggenoot en oupa onder die **moeilikste omstandighede** denkbaar. Die Covid19 pandemie maak dit onmoontlik om op ''n gepaste wyse van Felix afskeid te neem. Mag die genade van ons Hemelse Vader vir julle as famliie genoeg wees in hierdie dae.

Ons gaan vir Felix **mis** maar ons gaan hierdie **hartlike**, **meelewende** en **bekwame** mens **nie kan vergeet nie**!

***"The bond between friends cannot be broken by chance; no interval of time or space can destroy it. Not even death itself can part true friends"***

John Cassion

***" When a close friend unexpectedly leaves us, a piece of our heart is forever broken"***

***Chris Lumpkin***

Mens is net **baie dankbaar** dat Felix Hurter oor ons pad gekom het en ook vir die wyse waarop hy ons **lewens hier op aarde verryk** het.

**"At the going down of the sun,**

**and in the morning,**

**we will remember you"**

**Robert Binyon**

**Rus in vrede, Felix! Jou deel is gedoen!**

**25 Mei 2021**